




Saterdag is 'n behoorlike Halloween aandete opgedis, kompleet met 'n pampoen met maalvleis in, asook heerlike nagereg met 'n vlieg in! Dit was beslis die hoogtepunt van die naweek, en 'n reuse sukses.



Die aand is toe afgesluit met DVD's in die saal, en Ierse Koffie vir die wat daarvoor kans gesien het.



**Sondag**

Soos elke Sondag by Oos-Rand streek, is die oggend afgestaan aan 'n erediens, waargeneem deur ons voorsitter, Jan Viljoen, wat weereens treffend was en tot ons elkeen gespreek het. Baie dankie vir jou bydraes en leiding Jan!



Daarna het Francois & Tanya hulle **25 algemene saamtrekke** aansporings plaatjie gekry. Baie geluk julle twee, doen so voort!



Die oord eienaar Hennie het ons lekker bederf met 'n heerlike ontbyt wat hy & sy gesin vir ons voorgesit het – maar dis natuurlik hoe ons vir Hennie leer ken het deur die jare.



Dit was weereens 'n besondere naweek by Bloekompoort, en ons streek het deur oom Choert, aan Hennie 'n aansporingsbord oorhandig waarin ons ons verbind het om Bloekompoort en Hennie te ondersteun omdat hy ons streek altyd goedgesind is.



**\*\* Lukas Maree: "My kiekies is bewyse, my lewensinventaris, 'n prentjekommentaar van my bestaan..." \*\***

